TOM NEWBY SCHOOL

KWARTAAL 4 Kwartaal 4 FORMELE ASSESSERING

Vak	**Afrikaans**	**Eksaminator**	**Mev. M. Steyn**
Datum	**November 2022**	**Totale punte**	**60**
Graad	**7**	**Tydsduur**	**2 ure**
		Moderator	**Mev. L. Brits**

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:	**Van:**	**Klas:**

Instruksies:



1. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings:
   - Vraag 1: Leesbegrip (20)
   - Vraag 2: Visuele geletterdheid (10)
   - Vraag 3: Opsomming (10)
   - Vraag 4: Taalstrukture en-konvensies (20)
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
4. Neem kennis van die puntetoekenning per vraag.
5. Jy word nie toegelaat om ’n woordeboek tydens die toets te gebruik nie.
6. Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 1: LEESBEGRIP

Lees die koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

maroela media

3 Augustus 2022

Christa Steyn-Bezuidenhout

Jaco Jacobs takel Dr. Seuss in Afrikaans

Jaco Jacobs wat onlangs vier van Dr. Seuss se gewilde kinder-boeke in Afrikaans vertaal het, sê dit was een van die lekkerste projekte waaraan hy al gewerk het en dat hy baie trots op die eindproduk is.

“Ek was eintlik huiwerig om ja te sê,” verklap Jacobs in ’n onderhoud met Maroela Media. “Dit is boeke waarmee ek self grootgeword het, en boonop is my kinders ook net sulke groot aanhangers. “Maar dit was ongelooflik lekker om die stories in Afrikaans te verwerk en boonop was die vertaling daarvan ’n heerlike uitdaging.”

Jacobs, ’n bekroonde vertaler en outeur, se skryfloopbaan het al op skool begin toe hy aan verskeie kompetisies vir opkomende skrywers deelgeneem en sy eerste kort stories in tydskrifte verskyn het. Sedertdien het meer as 170 boeke al uit sy pen verskyn en het hy al meer as 300 kinderboeke in Afrikaans vertaal.

“Dit is eintlik ontsettend moeilik om die Dr. Seuss-boeke te vertaal, maar ek het dit vir myself probeer uitpluis deur die stories en moontlike rymwoorde met ander mense te bespreek of langs die swembad te sit en die woorde hardop te klap,” verduidelik Jacobs.

Theodor Seuss Geisel (1904 - 1991), oftewel Dr. Seuss, is een van die bekendste en geliefste kinderboekskrywers. Hy het ongeveer 60 kinderboeke geskryf en geïllustreer, sy boeke is reeds in 30 tale vertaal en sowat 600 miljoen eksemplare is wêreldwyd verkoop.

TOM NEWBY SCH

"”Dink jy ook soms daar's
'n graai in jou laai of 'n
flerefas in jou klerekas?
Kom saam met Dr. Seuss op 'n
onsinnige avontuur, van grakke
in sakke tot glipperjantjies
in snippermandjies!” (Uit Daar's 'n grak in my sak!)"

Bron: Maroela Media
Aantal woorde:281

Vrae:

1.1 In watter digitale mediahuis het die koerantberig verskyn? (1)

_____

1.2 Wat is die titel van die koerantberig? (1)

_____

1.3 Noem twee bekende skrywers van kinderboeke wat in die berig genoem word. (Paragraaf 1) (2)

_____ en _____

1.4 Omkring die korrekte antwoord. (1)

Jaco Jacobs het _____ van Dr. Seuss se boeke vertaal. (Paragraaf 1)

A) vier B) ses

C) vyf D) sewe

1.5 Die volgende stellings is onwaar. Onderstreep die woord in die sin wat verkeerd is en **skryf slegs die regte woord** neer.

1.5.1 Jaco Jacobs se sangloopbaan het reeds op skool begin. (Paragraaf 3) (2)

_____

TOM NEWBY SCHOOL

1.5.2 Dit is eintlik ontsettend maklik om die Dr. Seuss-boeke te vertaal. (2)
(Paragraaf 4)

_____

1.6 Noem twee maniere hoe Jaco Jacobs te werk gegaan het om Dr. Seuss se boeke te vertaal. (Paragraaf 4) (2)

_____
_____
_____

1.7 Hoekom was Jaco Jacobs eers huiwerig om ja te sê? (Paragraaf 2) (1)

_____
_____

1.8 Waarom is die datums tussen hakies in die volgende sin? (2)
Theodor Seuss Geisel **(1904 - 1991)**, oftewel Dr. Seuss, is een van die bekendste en geliefste kinderboekskrywers. (Paragraaf 5)

_____
_____

1.9 Omkring die korrekte antwoord. (1)
Wat beteken die woord ‘bekroonde’? (Paragraaf 3)

A) Hy dra ’n kroon B) Hy besit ’n kroon
C) Hy het ’n prys gewen D) Hy staan ’n kans om te wen

1.10 Noem een van Dr. Seuss se boeke in Afrikaans, wat Jaco Jacobs vertaal het. (Kyk na die illustrasie) (1)

_____

1.11 Watter les leer Jaco Jacobs ons? (1)

_____
_____
_____

1.12 Wie het die koerantberig geskryf? (1)

_____

TOM NEWBY SCHOOL

1.13 Wanneer is die koerantberig gepubliseer? (1)

_____

_____

1.14 Wat, dink jy, gaan eendag jou loopbaan wees? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

_____

Totaal vraag 1: 20

Vraag 2: VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer die boekomslag en beantwoord die vrae wat volg:



Vrae:

2.1 Hoe weet ons dat die boek oor ’n plaas handel. Gee 2 visuele leidrade. (2)

_____

_____

2.2 Wie is die skrywer van hierdie boek? (1)

_____

2.3 Beskryf die agtergrond van die boekomslag. (2)

_____

_____

2.4 Wat beteken die titel van hierdie boek?
My hart is oppi plaas! (1)

_____

2.5 Kies die regte antwoord. (1)
Vit watter ouderdomsgroep is die boek meer gepas?
A) 6 – 10 jaar B) 11 – 14 jaar
C) 15 – 18 jaar D) ouer mense

2.6 Dink jy die eende is gelukkig op die plaas. Gee een rede vir jou antwoord. (1)

_____

_____

2.7 Watter kleur staan vir jou in die boekomslag uit? (1)

_____

2.8 Daar is ook ’n by op die boekomslag. Dink jy bye is belangrik vir die ekosisteem? Verduidelik jou antwoord. (1)

_____

_____

Totaal vraag 2: 10

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 3: OPSOMMING

Instruksies:

- Lees die onderstaande teks en maak ’n opsomming van die inligting.
- Die opsomming moet PUNTSGEWYS aangebied word en uit 40 – 50 woorde bestaan.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Redigeer jou eerste weergawe.
- Skryf jou finale weergawe weer in PUNTVORM. Nommer jou sinne 1 tot 7.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde wees.
- Dui die HOEVEELHEID WOORDE wat jy gebruik het, onderaan die opsomming.

Jou Show trek nuwe baadjie aan

Die kykNet-geselsprogram, Jou Show, met die gewilde aanbieder, Emo Adams, aan die stuur, gaan kykers die seisoen verras met ’n nuwe tydgleuf, nuwe stel, ander formaat en meer pret as ooit tevore.

Die tiende seisoen van die reeks word vanjaar weer in halfuur-programme uitgesaai en beloof om 30 minute van aksiebelaaide, skreeusnaakse vermaak en kykgenot te bied.

Bekendes soos *Modder en Bloed* se Sean Else en Stian Bam, *Vir Altyd* se Ivan Botha en Donnalee Roberts, die *Sterlopers*-akteurs Willem Botha en Jenna Dunster en *Die Boekklub* se Arno Marais en Greta Pietersen sal oudergewoonte ’n draai maak om te gesels.

Ander gaste, waarna kykers kan uitsien in die nuwe seisoen, sluit in Vinette Ebrahim, Lizz Meiring, Zelda le Grange, burgermeester Patricia de Lille en Boer Soek ’n Vrou aanbieder Mienkie van der Westhuizen.

Gedurende episode 1 sal die regisseur van *Modder en Bloed*, Sean Else, verduidelik waarom die film soveel aanklank by die kykers gevind het. Die episode sal afgesluit word met ’n optrede deur Pietman.

TOM NEWBY SCHOOL

Episode 2 word daar gesels oor die nuwe kykNET sitkom, *Vinkel en Koljander*, terwyl die sanggroep Saarkie die gehoor vermaak met een van hulle enkelsnitte.

Jou Show is van Maandag 4 April om 20:00 op kykNET kanaal 144 te sien.

Bron: Maroela Media

Aantal woorde:212

Eerste weergawe:

Aantal woorde: _____

Finale weergawe:

Aantal woorde: _____

Totaal vraag 3: 10

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 4: TAALSTRUKTURE EN-KONVENSIES

Gebruik die koerantberig 'Jaco Jacobs takel Dr. Seuss in Afrikaans' om die vrae te beantwoord:

4.1 Wat is die funksie van die **leesteken** in die volgende woord? (1)

Dr. Seuss

A) Word gebruik voor iemand se direkte woorde.

B) Word gebruik in die plek van 'n voegwoord.

C) Ekstra inligting word gegee.

D) Word gebruik saam met 'n afkorting.

4.2 Skryf die volgende **telwoord** in woorde uit. (1)

Jaco Jacobs het meer as 300 kinderboeke vertaal.

_____

4.3 Skryf 'n **sinoniem** vir 'gepraat' uit die leesstuk uit. (1)

_____

4.4 Gee die **meervoud** van die woord: onderhoud (1)

_____

4.5 "Dit is eintlik moeilik om die boeke te vertaal..."

4.5.1 Watter **naamwoord** is die onderstreepte woord? (1)

_____

4.5.2 Voorsien die **trappe van vergelyking** van die onderstreepte woord. (2)

_____

4.6 Herskryf die sin in die **teenwoordige tyd**. (1)

Ek was eintlik huiwerig om ja te sê.

_____

TOM NEWBY SCHOOL

4.7 Gebruik **S v1 T O M P v2 I** en skryf die dele van die sin in die regte kolom neer. (1)

Jaco Jacobs het elke dag Dr. Seuss se boeke deeglik vertaal om baie geld te maak.

S	
v1	
T	
O	
M	
P	
v2	
I	

4.8 Skryf die sin in die **lydende vorm**. (2)

Jaco Jacobs het Dr. Seuss se boeke vertaal.

_____

4.9 "Jaco Jacobs kyk baie keer na die illustrasies."

4.9.1 Identifiseer die **werkwoord** in die sin. (1)

_____

4.9.2 Watter tipe **bywoord** is 'baie keer'? (1)

_____

4.10 Identifiseer die **intensiewe vorm** wat in Paragraaf 1 voorkom. (1)

_____

4.11 Verander die stelsin na 'n **vraagsin**. (1)

Dr. Seuss se boeke is reeds in 30 tale vertaal.

_____

4.12 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe** en dui aan of dit **oop of geslote** is. (2)

klerekas _____ _____

TOM NEWBY SCHOOL

4.13 Kies die korrekte antwoord. (1)

Wat is die onderstreepte **voornaamwoord** in die sin?

"Dink jy ook soms daar's 'n graai in jou laai?"

A) Persoonlike voornaamwoord B) Besitlike voornaamwoord

C) Betreklike voornaamwoord D) Aanwysende voornaamwoord

4.14 Omkring die **lidwoord** in die volgende sin. (1)

"Jacobs, 'n bekroonde vertaler en outeur se skryfloopbaan het al op skool begin."

4.15 "Jaco Jacobs het al vier van Dr. Seuss se boeke vertaal." (1)

Gebruik die **homoniem** van vier en skryf 'n sin neer om die betekenis duidelik te maak.

_____

_____

Totaal vraag 4: 20

Groottotaal: 60

TOM NEWBY SCHOOL

Graad 7 Afrikaans Addisioneel
Kwartaal 4 Formele Assessering
Prestasie evaluering
(Vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: _____ Klas: 7 ___

	Vraag 1	**Vraag 2**	**Vraag 3**
Moontlike punt	**20**	**10**	**10**
Leerder punt			

Vraag 4

	4.1	**4.2**	**4.3**	**4.4**	**4.5**	**4.6**	**4.7**
Moontlike punt	1	1	1	1	3	1	1
Leerder punt							

	4.8	**4.9**	**4.10**	**4.11**	**4.12**	**4.13**	**4.14**	**4.15**
Moontlike punt	2	2	1	1	2	1	1	1
Leerder punt								

TOM NEWBY SCHOOL